


Trematomus borchgrevinkii—Boulenger.

VIS AAN DIE YSBANKFRONT

Uit My Dagboek,

Dinsdag, 12 Januarie, 1960.

André van der Merwe,
SANAE I



Dinsdag het dit warmer geword. Die jong ys op die water het ontdooi. Teen die middag het Ian, die kombuis-klong, my visstok kom leen. Ek was verbaas oor sy skielike vissersentoesiasme. Ek het telkemale op die reis, wanneer die boot in die ys vasgesit het, deur die klein openinge in die ysplaat probeer visvang sonder dat daar eers 'n tikkie aan die aas was. Maar nou het Ian klein vissies tussen die neus van die boot en die ysbankfront gewaar waar hulle aan krill eet wat aan die yswal vasgeys het. Hy het stukkie vleis, vis en ham in die kombuis gekry en aan die hoek gesit, maar die vissies het hulle nie daaraan gesteur nie. Toe kom iemand met die blink gedagte om 'n blink lepeljie aan die punt van die lyn te sit. Ian het die lepeljie oor hulle gegooi, maar nog wou die vis nie byt nie. Intendeel, die beweging van die lepel het hulle verwilder. Toe het hy die lepel stil tussen hulle laat hang net om hulle effens te kielie, en sowaar, daar byt een. Hy het een na die ander uitgetrek. Toe hy verveeld raak, het ek oorgeneem. In 'n kits het ons dertig vissies op die dek gehad. Hulle was almal ewe groot, sowat tien duim lank, smal met klein bekkies, en wanneer jy hulle uit die water lig, was hulle so deurskynend dat jy die hele beenstelsel kon sien. Na 'n paar sekondes het hulle vaal en ondeursigtig geword. Die grootste moeite was om hulle sonder handskoene van die hoek te kry, want hulle was yskoud uit die yswater opgepik. Visse is koudbloedig en neem die temperatuur

van die wateromgewing aan—en Antarktiese water is koud. Omtrent 'n halfuur het hulle op die dooie krill geaas en toe net so skielik soos hulle gekom het, verdwyn.

Hulle was almal van dieselfde soort, *Trematomus borchgrevinkii* Boulenger, en behoort aan die groot familie Nototheniidae wat algemeen en die meeste van alle vissoorte om die kus van Antarktika tot by Suid-Georgia, Macquarie-eiland en Suid-Orkney voorkom. Soos alle visse het hulle 'n lae rooiseltelling in die bloed. In teenstelling met hulle het die warmbloedige duikdiere, soos robbe, walvisse en pikkewyne, besonder hoë rooiseltellings en proporsioneel ook 'n baie groot volume bloed, wat hulle in staat stel om baie suurstof vir lang onderwaterse swem te stoor wanneer hulle bo die water kom asem skep.

Wat getal bloedselle betref, is die teenoorgestelde uiterste die een genus in die visgroep Chaenichthyidae wat geen rooibloedselle, om suurstof in te dra, het nie. In plaas van rooi bloed het hulle 'n melkerige of liggeel vloeistof, met 'n klompie witselle, in die are. In koue Antarktiese water is die konsentrasie van suurstof amper tweekeer so veel as in warmer seewater, met die gevolg dat die suurstof uit die seewater gewoonweg deur die kuwe van die visse in die sirkulerende vog in diffundeer en 'n hoë genoeg spanning vir die nodige metaboliese prosesse in die liggaam gee.

BEDANKING VAN M. DU PREEZ—vervolg van Bladsy 3

Dit was vir ons almal 'n trotse oomblik toe ons ons landsvlag vir die eerste keer by 'n eie Suid-Afrikaanse basis kon hys. Ek is baie bly vanaand dat hier teenwoordig is dr. Charles Lauterbach en mnr. Dirkie Neethling, lede van daardie ekspedisie. Graag wil ek in die afwesigheid van die ander lede van daardie ekspedisie my opregte en innige dank betuig vir die poging wat hulle almal tesame aangewend het om die onderneming 'n sukses te maak.

Aan die Departement van Pos en Telegraafwese, asook aan die Departement van Vervoer, wat twee maal toestemming verleen het dat ek na Antarktika mag gaan, my innige dank. Mnr. Strauss, mnr. Retief en mnr. van der Walt, ek nooi u om deel te hê aan hierdie groot verering van my.

Dit is miskien nie alom bekend nie, alhoewel Prof. Gledhill vanaand daarna verwys het, dat radio-telefoonverbinding daar gestel is deur die Departement van Poswese, en dat die Departement van Vervoer sekere uitgawes daaraan verbonde dra nie. Maar wat ek wil noem is dat daar 'n persoon is wat seker aan al die ekspedisie-lede bekend is, maar wat hulle nie die voorreg gehad het om te ontmoet nie, mnr. Paul du Plessis, die ingenieur by Derdepoort Radiostasie. Namens al ons ekspedisies wil ek ons dank aan hom en sy personeel oorbring vir alles wat hulle in werking gestel het.

Dan is daar ook die uitsendings van die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie. Hier wil ek graag noem dat ons seremoniemeester, Mnr. Jooste, eintlik die vader van die gereelde program is.

Allow me to emphasize the splendid spirit of co-operation that exists between South African expeditions and those of other nations. By means of radio communication we exchange scientific information, such as weather data, glaciological and other data. On the other hand we even tried to play chess by radio with the British team at Halley Bay.

To my mind the binding factor in this respect of unselfish co-operation is the Antarctic Treaty which was signed in December, 1959. The most important stipulation in this treaty is "that Antarctica shall be used for peaceful purposes".

Graag wil ek 'n woord van dank rig aan die nie-wetenskaplike lede van die ekspedisies. Ek is bly dat Komt. Chapman dit so gestel het, want hier is dit bewys dat hulle opoffering ook hoog waardeur word. Hulle heelhartige ondersteuning aan die wetenskaplikes dra daartoe by dat Suid-Afrika se naam hoog aangeskryf sal wees op Internasionale wetenskaplike gebied.

Dis ook my plig om hier my dank te betuig aan my eggenote, wat my op so 'n wonderlike wyse onderskraag het. Baie dankie.

In conclusion I wish to express a vote of thanks to you, Mr. Kirton, for presenting this medal to me tonight. I thank you.